



'n Ballon is 'n lekker speelding om te hê. 'n Mens kan soveel doen met 'n ballon. As jy egter die ballon by jou wil hou dat dit nie wegwaai of in die lug op trek nie, moet jy die toutjie styf vashou of vasknoop aan jou arm of 'n stoel. Baie keer by 'n groot byeenkoms of troue sal die mense van blydschap 'n hele spul ballonne in die lug loslaat. Dit lyk pragtig as die ballonne met al die mooi kleure in die lug opstyg en al hoe kleiner raak totdat 'n mens dit nie meer kan sien nie.

Maar hier lê die vangplek.... Om te sien hoe mooi die ballonne in die lug lyk moet jy die ballon laat gaan.

Jesus was gereed om hemel toe te gaan, na God die Vader toe. Sy werk op die aarde was voltooi, maar anders as die ballon wat jy dalk nie weer sien nie, belowe Jesus om weer terug te kom.

Lees Handeling 1:1-11 in jou Bybel en kyk of jy hierdie vrae kan antwoord?

- Wat dink jy sou gebeur het indien Jesus nie opgevaar het na God die Vader nie?
- Watter opdrag het Jesus vir sy dissipels gegee?
- Watter belofte het saam met hierdie opdrag gegaan?
- Watter belofte gee Jesus vir ons?




Jesus' Ascension

<https://www.youtube.com/watch?v=UcFw8pLBSIo>



Begin



Jesus belowe hy kom weer terug!



Het jy geweet?

- In die loop van **40 dae** het Jesus by verskeie geleenthede aan die dissipels verskyn en met hulle oor die dinge van die Koninkryk van God gepraat.
- Daar word 157 keer in die Bybel na die nommer 40 verwys.

Bv.: Die Israëliete was vir 40 jaar in die woestyn. Jesus het vir 40 dae in die woestyn gevas. Dit het gereën vir 40 dae en 40 nagte tydens die groot vloed. Kyk of jy kan dink aan nog 'n paar?

Ballon Speletjies:

40 SEKONDES:

Gee vir elkeen in die gesin 'n ballon. Probeer om vir 40 sekondes die ballon na mekaar toe te slaan sonder dat iemand die ballon laat val.

Verdeel in 2 spanne en gee vir elke span 'n ballon. Elke span moet probeer om vir 40 sekondes die ballon in die lug te probeer hou met enige deel van hul liggame, maar hulle mag NIE hul hande gebruik nie. (Een kind mag nie 2 keer ná mekaar die ballon slaan nie, anders is hy uit.) Die ballon mag glad nie op die grond kom nie.

UP, UP AND AWAY BALLON VLUG:

Plaas 'n klein stukkie papier binne die ballon wat lees JESUS, EK IS LIEF VIR U. Laat die kinders almal gelyk hul ballonne laat gaan en bid vir mense wat die ballonne mag kry en die nota binne-in lees.

BALLON-HOP:

Kinders verdeel in spanne en hardloop dan 'n aflosresies met 'n hoppende ballon tot by die verste muur, hulle los mekaar af tot die laaste speler met die ballon gehardloop het. Indien julle nie 'n hoppende ballon het nie, gebruik 'n opgeblaasde ballon wat die kinders tussen hulle knieë vasknyp.

BALLON TRAP-TRAP:

Gee elke kind 'n ballon om op te trap and kyk vir wie dit die langste neem om die ballonne te bars. Kinders kan ook hierdie speletjie speel terwyl hulle op hul maats se ballonne probeer trap met elke speler wat sy ballonne probeer beskerm. Die doel is om te sien wie kan hulle ballon die langste heel hou.

WATERBALLONNE:

Kinders verdeel in twee spanne en gooi water ballonne heen en weer vir mekaar om te sien wie se ballonne die langste heel bly.

SÊ DIT MET BORDKRYT:

Met 'n groot stuk bordkryt, kan die kinders elkeen 'n baie groot ballon op die sypaadjie of parkeerarea teken. Elke kind skryf dan 'n verskillende woord uit vandag se les binne die ballon, bv. Hemel, Jesus, Heilige Gees, Hemelvaart, krag, ens. Elke kind kry dan die geleentheid om meer te vertel oor hul gekose woord en wat hul geleer het.

BALLON KUNS:

Laat elke kind met 'n permanente merker op hul ballon skryf – woorde uit vandag se les soos GOD SE MAG, VERHEERLIK GOD, WEES MY GETUIE, DANKIE JESUS DAT U, U SEUN GESTUUR HET, ens. Kinders blaas dan hul ballonne op en maak 'n strikkie aan die ballon vas. Moedig hulle aan om ander mense te vertel van Jesus se Opstanding as hulle oor die ballon gevra word.

